# (3) Cornelis van Quaelberg


(27 September 1666 — 12 Augustus 1668)

REEDS in 1664 het Zacharias Wagenaer weens sy gesondheidstoestand sy ontslag aangevra. In Desember 1664 is hom meegedeel dat Cornelis van Quaelberg (destyds in Patria) as sy opvolger aangestel was, maar nie dadelik kon vertrek nie. Isbrand Goske, die kommissaris wat die bepaling van die terrein vir die nuwe Kasteel moes kom uitvoer, sou intussen aan die Kaap bly. Dit was egter nie nodig nie; dus was Wagenaer wie se gesondheid intussen verbeter het nog hier toe Van Quaelberg opgedaag het. Sy seereis uit Europa met die *Dordrecht* was 'n nagmerrie.

Oor die nuwe kommandeur se vroeëre loopbaan is min bekend. Hy was na 1652 vyf jaar lank fakteur van die kompanjiespos op Masoelipatam, op die ooskus van Indië; blykbaar was hy ook 'n bekwame see-offisier. As mens was hy hardvogtig, selfsugtig, kruiperig teenoor sy meerderes, verwaand oor sy eie bekwaamheid en nog veel meer onsimpatiek teenoor die sukkelende vryburgers as Wagenaer.

Sy bestuur staan in die teken van die oorlog met Engeland. Hy het solank die oorlog geduur het, voortgebou aan die Kasteel. Aan die einde van 1666 het hy die fout begaan om baie hulp en gasvryheid te bewys aan 'n sterk Franse vloot onder die markies De Montdevergue met 'n veteraan van die Kompanjie, François Caron, in sy diens. Inderdaad is deur dié vloot gepoog om Saldanhabaai stilweg te annekseer.

Sodra dit in Patria bekend geword het (November 1667) is Van Quaelberg summier uit die Kompanjie se diens ontslaan en sy opvolger, Jacob Borghorst, gestuur om hom dit mee te deel. Hy is na 'n petisie weer in 1670 in diens



*Die handtekening van Cornelis van Quaelberg.*

geneem en dis bekend dat hy uiteindelik goewerneur van die strategies belangrike Malakka op die Maleise Skiereiland geword het. W. J. de K.


## (4) Jacobus Borghorst

(18 Junie 1668 — 25 Maart 1670)

BORGHORST wat lang diens by die Kompanjie agter die rug gehad het, het op 16 Junie 1668 met die *Hof van Breda* na 'n uitputtende reis in Tafelbaai aangekom. Dit was 'n Sondag. Die Maandag het hy voor die Politieke Raad die ontslag van Van Quaelberg bekend gemaak en die bewind oorgeneem. Hy was solank hy aan die Kaap was eintlik 'n invalide en sy pligte is meesal deur amptenare, veral die bekwame fiskaal, Cornelis de Cretzer, waargeneem.

Niks van besondere belang het in sy kort bestuur voorgeval nie. Soos onder sy voorganger is egter verskeie landtogte uitgestuur en die kus ook van tyd tot tyd ondersoek. Die boot *Grundel* het in sy tyd byvoorbeeld die hele kus van Suidwes-Afrika af tot by Sint Luciabaai verken. In 1669 is die Kaap ook besoek deur 'n energieke kommissaris, Mattheus van der Broeck, wat veelvuldige aanbevelings nagelaat het om die landbou te bevorder.

Borghorst wou so gou moontlik wegkom van sy pos. In 1669 is reeds gereël dat Jan van Aelmonden hom sou opvolg. Maar dié man was nie op die retoervloot soos verwag is nie. Borghorst het dus weer dringend versoek om afgelos te word. Inderhaas is toe as sy opvolger Pieter Hackius gekies, 'n man wie se gesondheid nog swakker was as dié van die sieke wat hy moes opvolg. W. J. de K.



*Borghorst se naamtekening onder 'n resolusie van die Politieke Raad, tesame met dié van die fiskaal De Coetzer en die sekretaris (heel onder) G. F. Wreede wat veral bekend is om sy volkekundige belangstelling in die Hottentotte.*